



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

AFRIKAANS HUISTAAL V1

PUNTE: 70

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(30)
2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die bygaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL**AS DIE (s)POTLOOD PRAAT**

*Spotprente prik ons sosiale gewete terwyl ons lag vir die dwalings van bekendes.
Strokiesprente delf weer in ons diepste fantasieë en drome.*

- | | | |
|---|--|----------|
| 1 | As kind sonder televisie (in die jare sestigs) het ek my uitgeleef in strokiesprentverhale – <i>Tarzan</i> en <i>Die Skim</i> , die een ’n Britse edelman wat wild rondswaai in sy wildsvelbroekie, die ander ’n koelkopheld wat skynbaar nooit sweet in sy vollyf-kleefpak in ’n tropiese woud nie. | 1 |
| 2 | Ek het uitgesien na <i>Huisgenoot</i> , waarin <i>Kosie en Kwak</i> my infantielste drange bevredig het. In die dagblad het ek my ingeleef in <i>Blits Gordon</i> se avonture, veral toe hy op ’n planeet vol vroue as die enigste man beland het. Twee vrouestamme, blondines versus donkerkoppe in wit en swart katpakke, het oor hom handgemeen geraak – ’n sappige fantasie vir ’n jong seun! | 5 |
| 3 | My ouers was weer lief vir T.O. Honiball se ikoniese bobbejane: die Adoonse van die Magaliesberge, so Afrikaans-inheems soos boeretroos. Dié harige jafels kon sedig en bekkig kommentaar lewer op intriges van toeka se dae. Lesers het die karakters se kaskenades 24 jaar lank in <i>Huisgenoot</i> gevolg en die strokie was so gewild dat dit in boekvorm verskyn het en vir die radio en televisie verwerk is. Honiball het <i>Die Burger</i> se politieke spotprentkunstenaar geword. Sy werk het ook in die <i>Landbouweekblad</i> en <i>Die Jongspan</i> verskyn. In 1984 is hy deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en in 1989 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer. | 10
15 |
| 4 | Honiball se waardige opvolger was die talentvolle Fred Mouton, wat in 1972 by <i>Die Burger</i> aangesluit het en in 1976 as spotprentkunstenaar oorgeneem het en steeds die potlood swaai. “Niks omtrent Mouton se werk is voorspelbaar of vervelig nie,” meen Henry Jeffreys, voormalige redakteur van <i>Die Burger</i> . Wanneer Mouton ’n bekende persoonlikheid uitbeeld, kan daar geen twyfel wees vir wie hy sy mes in het nie. Hy gebruik graag spraakborrels met woorde in hoofletters, en is ’n meester met gelade kwinkslae en karakters wat in streeksdialek praat. | 20
25 |
| 5 | Fred het bydraes gelewer vir <i>Beeld</i> en <i>Rapport</i> en doen gereeld illustrasies vir ander boeke en tydskrifte. In 1983 is hy met die Standard Bank Spotprenttekenaar van die Jaar-toekenning bekroon en in 2000 het hy die P.J. Cillié Medalje vir Kreatiwiteit in Joernalistiek ontvang. Onlangse versamelings van sy werk sluit in <i>Van Zuma tot Zille</i> en <i>Laat daar lig wees</i> . | 30 |
| 6 | Gepraat van Zuma, wie spot feller met die voormalige president as Zapiro (oftewel Jonathan Shapiro), die vreeslose spotprentmeester van <i>The Sunday Times</i> . Sy uitdagende werk, wat hom gereeld die woede van politici op die hals haal, is bekroon met talle prestigeryke pryse, onder meer ’n toekenning vir Dapperheid in Redaksionele Spotprentwerk. | 35 |

7	Volgens Martinie Moller is spotprente en strokies opvoedkundige hulpmiddels omdat 'n karikatuur (cartoon) ontwerp is om openbare mening te beïnvloed, terwyl strokiesprente (comics) bestaan uit 'n reeks opeenvolgende tekeninge in raampies met spraak- en gedagteborrels met 'n storie wat lesers opvoed of vermaak. Oordrywing word ingespan om sekere eienskappe soos 'n houding of gelaatstrekke (neus, snor, ken) satiries aan te dik. Spotprente lewer skerp kommentaar op die dwaashede en morele flaters van openbare en gesagsfigure, omwentelinge, giere, beleidsrigtings, skandale en belangrike gebeure op plaaslike en internasionale front. Die doel is om skynheilighede, vals en morele tekortkominge te ontmasker. Soms is spotprente omstrede omdat dit die politieke bestel uitdaag of taboe onderwerpe aanroer.	40 45
8	Eenvoud en ekonomie van styl en woorde kenmerk spotprente, asook 'n voorliefde vir idiome, simboliek, volksgrappe, woordspel en stereotipes. Len Lindeque het altyd iewers in sy spotprente in <i>Rapport</i> 'n wurmpie geteken wat die 'laaste woord' inkry, 'n ekstra klein kwinkslag. Sulke alwetende figuurtjies duik ook gereeld in ander kunstenaars se spotprente op.	50
9	Strokiesprente maak gebruik van beweging, spraak- en gedagteborrels, klanke as woorde en die tegnieke van die rolprentmedium soos ver-, medium- en nabyskote om 'n storie te vertel. Teatergebruike soos dialoog, karakterisering, groot gebare, agtergrond en rekwisiete word ook ingespan. Dit was die heel eerste instrumente van globalisering lank voor dit 'n modewoord geword het: "Karakters van Amerika soos Garfield, Charlie Brown en Dagwood is wêreldwyd bekend danksy honderde plaaslike koerante."	55
10	Moderne strokies sluit in <i>Madam & Eve</i> wat in 'n dosyn plaaslike koerante gepubliseer word en in Sweeds, Deens en Noorweegs vertaal is. In 1992 het Anton Kannemeyer (Joe Dog) en Conrad Botes, studente en later lektore aan die kunsdepartement van die Universiteit van Stellenbosch, 'n reeks hardekwastrokiesprente, <i>Bitterkomix</i> , in Afrikaans en Engels begin publiseer. Die stories was hardebaard en het op die verbreking van taboes gefokus. Hierdie aweregse aanslag kan ook gesien word in die rockgroep Van Coke Kartel se aanlynstrokiesprente in die <i>Wie's Bang</i> -reeks en die skeppers van kort animasiefieks in <i>De Kat</i> se TV-joernaalprogram op kykNet.	60 65
11	Die kunskonsultant, Cecile Loedolf, meen spotprente en strokiesprente moet bewaar word. Sy sê dat net soos kuns die tydvak weerspieël, so beeld spotprente die norme, belangstellings, smake en selfs besonderhede, soos klere, van 'n spesifieke tydperk uit. <i>Bitterkomix</i> word selfs in Frankryk gelees. Zapiro se stortkop het ikonies geword. Honiball is bekroon vir sy tekeninge. Hierdie kunstenaars se werk is belangrik en neem mettertyd in waarde toe, nes kuns.	70 75
12	Dit het nostalgiese waarde ook. Ek verlang na <i>Walter die Wonderman</i> se towerspuitkan wat jou nooi om deur die sagte spieël te klim na 'n alternatiewe wêreld wat nogal soos ons eie is. Lees en kyk dus fyn.	

[Verwerk uit *Rapport*, 27 Mei 2018]

TEKS B: VISUELE TEKS



[Verwerk uit *Die Burger*, 4 Januarie 2019]

VRAE: TEKS A

- 1.1 Haal 'n woordgroep uit paragraaf 1 aan wat by die onderstreepte woorde in die subopskrif aansluit. (1)
- 1.2 Verduidelik hoe die opskrif by paragraaf 1 aansluit. (1)
- 1.3 Wat is die verskil tussen *strokiesprente* en *spotprente*? (2)
- 1.4 Verklaar die oorsaak van die skrywer se belangstelling in strokiesprente. (1)
- 1.5 Watter DRIE bewyse is daar volgens die teks vir die Adoonse se ikoniese status? (3)
- 1.6 Herlees paragraaf 3 en paragraaf 4.
 Wat het Honiball en Mouton in gemeen? Watter een van die twee sou jy aanstel? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.7 Watter sienswyse huldig Jeffreys oor Fred Mouton se spotprente? Kan sy sienswyse as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.8 Watter kenmerke is eie aan Fred Mouton se spotprente? (3)
- 1.9 Dink jy dat Zapiro hom veel aan kritiek steur? Motiveer jou antwoord. Verduidelik ook hoe sy toekenning van Mouton s'n verskil. (2)

1.10 Herlees paragraaf 7.

Watter verskillende sienswyse huldig Martinie Moller oor spotprente en strokiesprente? Beskou jy spotprente of strokies as die belangrikste opvoedkundige hulpmiddel? Motiveer jou keuse. (2)

1.11 Noem enige VIER middele wat 'n spotprentkunstenaar gebruik om sy/haar boodskap oor te dra. (4)

1.12 Waarom kan strokiesprente as die eerste 'vorm' van globalisering beskou word? (1)

1.13 Dink jy dat hardekwas strokiesprente uitdagend is? Motiveer jou antwoord. (1)

VRAE: TEKS B

1.14 Watter visuele leidraad dui daarop dat die hond teleurgesteld is met dit wat in sy kosbak is? (1)

1.15 Wat word met die vrou se verduideliking geïmpliseer? (1)

1.16 Op watter wyse slaag die spotprent daarin om die fokus op die uitbreek van bek-en-klouseer te plaas? (1)

VRAE: TEKS A EN B

1.17 Herlees paragraaf 7 van TEKS A en TEKS B.

Noem TWEE maniere waarop hierdie spotprent die funksionaliteit van spotprente uitlig. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke wat jy kan gebruik om jou eksamen suksesvol af te lê en spanning te beveg**.

- LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
 2. Jy moet 'n samehangende paragraaf skryf.
 3. Dit is nie nodig om die opsomming 'n titel te gee nie.
 4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

TEKS C**EKSAMENSTRES SE MOSES!**

Dis dié tyd van die jaar dat die eksamenmonster sy kop lig. Wat nou gemaak?

Raak sosiaal, maar moenie te opgewonde raak nie. Dit beteken nie Facebook en Instagram nie. Kry eerder 'n paar vriende bymekaar en begin vaslêgroepe om deur 'n vasvra te kyk hoe goed julle in sekere vakke vaar.

Dit is baie belangrik om te oefen tydens die eksamen om jou liggaam en brein 'n ruskans te gee. As jy en jou vriende 'n studierooster deel, kan jy jou tyd beter benut deur byvoorbeeld saam te gaan draf. Wees aktief. Dit maak jou positief – as jy en jou vriende hard leer en saam oefen.

Kry jou vriende bymekaar en skryf 'n 'oefen-eksamen' deur ou vraestelle deur te werk. Ruil ná die tyd vraestelle om sodat almal iemand anders s'n nasien. Dit is 'n goeie manier om te bepaal of jy jou werk baasgeraak het. Gebruik ook visuele voorstellings om jou werk meer toeganklik te maak. Dit span nog dele van jou brein aktief in.

Spanning en angs kan jou kelder. Voorkom dit deur te fokus op jou asemhaling. Moenie paniekerig raak nie. Oefen diep asemhaling.

Sien dinge in perspektief. Kyk vorentoe en nie agtertoe nie. Dit help nie om jou te bekommer oor vraestelle wat nie goed gegaan het nie. Sit dit agter jou en fokus op dit wat voorlê. Elke dag is 'n nuwe geleentheid om beter te doen. Verander dus jou perspektief.

Neem doelbewus beheer van jou studietyd. Hou by jou skedule! Dan hoef jy dit nie te oorweeg om elke dag 'n uur of twee langer te studeer nie.

Onthou dié tyd gaan nie vir ewig aanhou nie. En wanneer dit klaar is, is dit die begin van die res van jou lewe!

[Verwerk uit *Kuier*, 31 Oktober 2018]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS D



1 MY
2 TAAL
3 BOU BRÛE
4 EN SKEP
5 VERHOUDINGS

6 Jou taal is soveel meer as net
7 woorde. Dis die uitvloei van
8 wie jy is ... dis waar jy vandaan
9 kom en waarheen jy oppad is.
10 Daarom is jou taal altyd deel
11 van jou bestaan.

12 Wat van Afrikaans maak jou
13 aartsgelukkig?

14 Besoek www.afrikaans.com

15 #onmisbaar
16 afrikaans.com

René Arendse

[Verwerk uit *Kuier*, 31 Oktober 2018]

VRAE: TEKS D

- 3.1 Watter boodskap wil die adverteerder met reël 1 tot 5 oordra? (1)
- 3.2 Gee die verkleinwoord van die onderstreepte woord in reël 5. (1)
- 3.3 Gee die stellende trap van die onderstreepte woord in reël 6. (1)
- 3.4 Is die onderstreepte woord in reël 7 'n samestelling, samestellende afleiding of 'n afleiding? Verskaf 'n gepaste sinoniem vir die woord. (2)
- 3.5 Wat is die funksie van die ellips in reël 8? (1)
- 3.6 Verbeter die spelfout wat in die advertensie voorkom. (1)
- 3.7 Identifiseer die woord wat op 'n verduideliking dui. (1)
- 3.8 Watter aanname kan daar oor taal vanaf reël 8 tot 9 gemaak word? (1)
- 3.9 Gee die betekenisfunksie van die voorvoegsel van die onderstreepte woord in reël 13. (1)











[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS E

MAMA TAXI

<p>RAAMPIE 1</p>	<p>RAAMPIE 2</p>	<p>RAAMPIE 3</p>	
<p>Het jy geweet? 80% van alle mense <u>onderbreek</u> hul gesprekke om na hul selfone te kyk.</p> 	<p>Wat dink jy daarvan?</p> <p>Wel, dis ongeskik, dis...</p> 	<p>Hang aan, Mavis. Ek moet net nou eers kyk na hierdie boodskap</p> 	
<p>RAAMPIE 4</p>	<p>RAAMPIE 5</p>	<p>RAAMPIE 6</p>	
<p>Kan jy glo! Hulle het 'n <u>versteekte persoon</u> op 'n skip in die hawe gekry.</p> 	<p>Wel, niemand sal ooit 'n <u>versteekte persoon</u> in ons bussie ontdek nie!</p> 	<p>Waar sal hulle nou wegkruip?</p> 	
<p>RAAMPIE 7</p>	<p>RAAMPIE 8</p>	<p>RAAMPIE 9</p>	<p>RAAMPIE 10</p>
<p>Ek is steeds nie seker oor 'n <u>vroue-bestuurder</u> nie.</p> 	<p>Hulle is so onvoorspelbaar. Ek sal nie veilig voel nie.</p> 	<p>Dit sal baie oortuiging kos</p> 	<p>Hallo, julle!</p> <p>Dalk net hierdie een keer!</p> 

[Verwerk uit <https://www.arrivealive.co.za>]

VRAE: TEKS E

- 4.1 Benoem die onderstreepte werkwoord in die eerste sin in RAAMPIE 1 volledig. (1)
- 4.2 Verander die vetgedrukte woord in RAAMPIE 1 na 'n sterk verlede deelwoord in 'n verduidelikende sin. (1)
- 4.3 Gebruik 'n toepaslike skryfteken om die vetgedrukte woord in RAAMPIE 2 op 'n ander manier te beklemtoon. (1)
- 4.4 Herskryf die eerste sin in RAAMPIE 3 sonder die Anglisisme. (1)
- 4.5 Gee EEN woord vir die onderstreepte woorde in RAAMPIE 4. (1)
- 4.6 Ondersteun die visuele voorstelling in RAAMPIE 5 die onderstreepte sin in hierdie raampie? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.7 Skryf die sin in RAAMPIE 6 in die lydende vorm. (1)
- 4.8 Brei die onderstreepte woord in RAAMPIE 7 uit met 'n byvoeglike bysin. (1)
- 4.9 Watter gevoel dra die woorde in RAAMPIE 7 oor? Dui ook die aard van die vooroordeel aan. (2)

[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

TEKS F**SKOONHEID IN GEBROKENHEID**

- 1 Voortreflik en perfek is wonderlik. Is dit regtig so? Perfek is nie noodwendig die beste, of die voortreflikste, die mooiste nie. Bestaan daar dan so iets soos lieflike littekens en kan dit gevind word in stukkende gebrokenheid?
- 2 Ons kan leer by oeroue beskawings, hierdie keer by Japan. Hulle wat die sensitiwiteit, eerlikheid en waagmoed gehad het om te besef dat daar skoonheid in gebrokenheid is. Hulle het dit tot 'n verbysterende kunsvorm ontwikkel, ook genoem *kintsugi* of *kintsukuroi*, die kuns van lieflike littekens.
- 3 Dit het glo alles begin in die vyftiende eeu, by die Japanse heerser wat sy gunsteling-teekoppie gebreek het. Hy het dit na Chinese vakmanne gestuur om te laat herstel, net om te hoor hulle kon niks doen om die teekoppie na sy vroeëre glorie te herstel nie. Al hulle pogings was onsuksesvol. Die heerser het voet by stuk gehou. Hy het hardnekkig besluit dat 'n nederige teekoppie herstel moet word. Waarom nie maar net 'n ander een kry nie? Maak reg, het die heerser beveel.
- 4 Dan moet dit 'n juweel word, het die vakmanne besluit en die krake gevul met hars en poeiergoud. 'n Gebreekte teekoppie het 'n kunswerk geword. Meer waardevol as tevore, 'n objek met karakter, 'n ding met 'n storie. Die littekens het lieflik geword.
- 5 Maar as jy glo aan die beginsel van *kintsugi* of *kintsukuroi*, dan is dit 'n lewensbeginsel ook, dan gebeur wonderwerke. My ander Nuwejaarsvoorneme? Om my nie so te verkies oor al my krake nie.

[Verwerk uit *Sarie.com*, Januarie 2019]

VRAE: TEKS F

- 5.1 Identifiseer die eerste diftong in die titel en onderstreep dit. (1)
- 5.2 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat direk met 'gebrokenheid' in die titel verband hou. (1)
- 5.3 Benoem die taalverskynsel wat ons in paragraaf 1 aantref. (1)
- 5.4 Verskaf die persoonsnaam van diegene wat in Japan woonagtig is. (1)
- 5.5 Die artikel gebruik die woord 'herstel' in paragraaf 3.
Gebruik die woord 'verstel' in 'n verduidelikende sin. (1)

- 5.6 Gebruik die bepaler van die woord 'poeiergoud' in paragraaf 4 as kern van jou eie samestelling en gebruik dit in 'n volgende verklarende sin. (2)
- 5.7 Benoem die woord in paragraaf 5 wat op kontras dui. (1)
- 5.8 Identifiseer die woord in paragraaf 5 waar daar assimilasië kan plaasvind. (1)
- 5.10 Kan die skrywer se slotsin as denotatief of konnotatief beskou word? (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70